The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

VOLKSBLAD 2012/02/15 Page: 7

AVE: R 1549.9

# Boere wil Bob stuit

**Sarel van der Walt**

PRETORIA. – Twee Zimbabwiese boere gaan die Afrika-kommissie later vandeesmaand nader in hul stryd om pres. Robert Mugabe van Zimbabwe se menseregte-vergrype te stuit.

Mnre. Ben Freeth en Luke Tembani sal die kommissie verlof vra om die Afrika-hof vir menseregte te nader om regshulp in hul stryd teen die Mugabe-regering. AfriForum sal hulle bystaan.

Die twee Zimbabwiërs wend hulle tot die Afrika-kommissie nadat die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) se leiersberaad verlede jaar die werksaamhede van 'n SAOG-tribunaal opgeskort het.

Dié tribunaal het vier jaar gelede in Windhoek ten gunste van Freeth, sy skoonpa, wyle mnr. Mike Campbell, en nog 76 boere beslis dat die Zimbabwiese regering se grondvergrype nie net onwettig is nie, maar ook rassisties.

Freeth en Campbell is ten tyde van die tribunaal-saak erg op hul plaas in Zimbabwe aangerand en hul plaaswoning is afgebrand.

Die Mugabe-regering het die tribunaalbeslissing dat die afgesette boere toegelaat moet word om na hul plase terug te keer of daarvoor vergoed word, egter tot nou toe geïgnoreer.

AfriForum het die Zimbabwiese boere vroeër gehelp om die bevinding van die tribunaal in Suid-Afrika te registreer. Die burgerregte-organisasie het boonop 'n kostebevel wat destyds deur die tribunaal gemaak is, deur Suid-Afrikaanse regsprosesse laat uitvoer.

Beslag is onder meer gelê op eiendomme van die Zimbabwiese regering in Kaapstad.

Dié eiendomme sal later op 'n openbare veiling verkoop word as Zimbabwe se appèl in die appèlhof misluk.

Die Afrika-kommissie sit weer op 20 Februarie in Banjul, Gambië. Adv. Pansy Tlakula, voorsitter van die Onafhanklike Verkiesingskommissie, is ook 'n lid van die Afrika-kommissie.

Die Afrika-hof vir menseregte het jurisdiksie oor alle sake en dispute oor die vertolking van die Afrika-handves vir menseregte.